# BRAUNVIEH SA

Posbus/PO Box 7864
Bloemfontein, 9300
Suid-Afrika/South Africa

Tel: 051 410 0900
Faks/Fax: 051 448 4220
www.braunviehsa.co.za


19/12/2019

Geagte Braunvieh-teler, in 'n tyd wat hierdie jaar met 'n ongelooflike spoed na sy einde haas, rig ek hierde skrywe aan u en u gesin.

Ek wil begin met 'n oorsig van hierdie jaar vir ons as Braunvieh Genootskap.

Begin Mei skop ons af met die Bloemskou waartydens 9 telers met 32 diere die Braunvieh se naam hoog hou. Wat verbasend was tydens die Skou was die groot belangstelling wat die ras by toeskouers gewek het met die dag van vertoning. Baie geluk aan elke deelnemer met die vertoon van hul prag diere. Dus dan ook tydens die Skou wat die Vleissentraal/SA Stamboek Elite Bul Groeitoetsklas plaasvind. Die Braunviehras word verteenwoordig met 'n bul wat geteel is deur Christopher Havenga en wat die eiendom van Erik de Klerk is. Hy eindig onder die top 5. Baie baie geluk aan Christopher en Erik.

Skaars was dit afgehandel of die volgende groep was oppad Nampo toe. Baie dankie aan Ian en Ansie Botes wat bereid was om voor te vat en hul diere beskikbaar te stel, asook Fanie Els, Francois Hatting, Hendrik Strydom en André en Annemarie Reitsma wat gaan help het. So ook telers wat kom aflos en uithelp het. Nerina Venter vir die advertensiemateriaal se voorbereiding. Elke persoon wat 'n aandeel gehad het, Braunvieh SA waardeer u bereidwilligheid en bedank u daarvoor.

Die volgende geleentheid was die Royal Skou te Pietermaritzburg waartydens Eduan Bdy van Gawie en Willem Naudé deelgeneem het. Soos met elke deelname het hulle dan ook as oorwinnaars uit die stryd getree met uitstaande diere. Baie geluk aan hulle.

Toe verskuif die aandag na ons Nasionale Veiling te Kimberley. Weereens was die aanbod puik. Ongelukkig het die droogte in groot dele van die land, asook die huidige ekonomiese klimaat sy tol geëis. As mens egter nugter kyk na veilings van ander rasse, kan ons ras steeds tevrede wees met die uitslae. Eduan Bdy van Gawie en Willem Naudé behaal die hoogte pryse vir beide die manlike sowel as die vroulike diere. Baie geluk.

Die volgende hoogtepunt was die LNR/Farmersweekly toekennings te Pretoria waar 'n bul van Lalta Trust van Abé Rademeyer die ras in die Prestasietoetsklas verteenwoordig en 'n koei van Witbek Braunvieh van Hans Bester en dogters, genomieer was vir die Elite Koeiklas. Baie geluk.

Posbus/PO Box 7864
Bloemfontein, 9300
Suid-Afrika/South Africa

Tel: 051 410 0900
Faks/Fax: 051 448 4220
www.braunviehsa.co.za

Vandaar verskyf die aandag na die Standerton Skou waar Witbek Braunvieh met 4 diere groot sukses behaal en 5 kampioenskappe en reserwekampoeinskappe verower. Baie geluk weereens.

Intussen het nog 'n groot geleentheid op die kalender verskyn en was daar in alle erns daaraan gewerk. Sunette Botha du Toit, was die skakel persoon tussen die Genootskap en die Veeplaas/Alfa Skou te Parys. Onder haar leiding word die ras verteenwoordig in die volgende klasse:

- Slagoskompetisie met 4 osse van kommersiële teler Pierre Swart. Hul eindig 8ste in die groepe. Wat veral opvallend was, was die Braunvieh se uitslagpersentasie van amper 62%.

- Die Money Maker Koei word verteenwoordig deur Witbek Braunvieh van Hans Bester en dogters.

- Die gesig van die ras word verteenwoordig met 'n bul deur Braun Kristalle van Ian en Ansie Botes.

- Vir die Elite Prestasie Verse is die 3 telers se diere ingeskryf. 'n Spesiale woord van gelukwense aan Vickey - Lee Thurnbull wat as jong teler ons ras verteenwoordig. Die ander stoetery was Witbek Braunvieh van Hans Bester en dogters en ekself.

Tussen die Jeugskou en Skoolafdeling ding die Unicorn Skool van Tweespruit met die diere mee. Hul wen dan ook die Junior Afdeling met hul bulletjie. Baie geluk Francois Hatting en personeel maar veral die Leerders en in besonders Tumelo Ramokone wat met soveel toewyding dit aangepak het.

In die hoofarena het die bul Attie, van Witbek Braunvieh, sake uitgespook teen al die interras wenners van die 9 groot landbou skoue. En by die vroulike deel van die kompetisie was die top koei Sally, van Eduan Bdy, die wild kaart nominasie, 'n groot aanspraakmaker. Om sulke top diere te sien meeding is voorwaar 'n ongelooflike gesig. Baie dankie vir elke deelnemer, maar veral ook vir Sunette en Francois Du Toit se insette, moeite en hulp.

En dan sluit die verrigtinge af met die nominasies vir volgende jaar se Vleissentraal / SA Stamboek Elite Bul Groeitoetsklas. 20 Bulle kom in aanmerking vir die klas en op 30 November word 'n bul van Eduan Bdy aangewys om ons tydens die 2020 Skou te verteenwoordig. Baie geluk.

# BRAUNVIEH SA

Posbus/PO Box 7864
Bloemfontein, 9300
Suid-Afrika/South Africa

Tel: 051 410 0900
Faks/Fax: 051 448 4220
www.braunviehsa.co.za


Soos u kan sien mag ons 'n klein ras wees, maar Braunvieh maak 'n groot impak en word regtig wyd vertoon.

Aan elke teler, nuut of gevestig, aktief of minder, Braunvieh SA Raad, wil u bedank vir u passie, toegewydheid en deursettingsvermoë om so suksesvol met u beeste onder sulke uitdagende toestande te kan boer. Baie geluk, en weet dat u ons trots maak.

Agter die skerms het die Raad ook heelwat pligte afgehandel en daarin geslaag om die nuwe logo te registreer.

Daar was ‘n Ministeriële navraag gerig wat die Genootskap op 23 Augsutus 2019 ontvang het. Braunvieh SA het gereageer deur ‘n skrywe, asook stawende dokumente voor te lê.

Dokuemnte vir die Minister word per aparte epos aan u gestuur. Die Raad het ook deurlopend aan al die ander take en funksies van die Genootskap aandag gegee.

Braunvieh SA wil dan ook vir SA Stamboek en die Sekretariaat veral vir Sonja en mnr Els, bedank vir hulle hulp en werk van die afgelope jaar.

**Neem Kennis dat kontore eers weer op 6 Januarie 2020 sal heropen.**

**Sampie Rossouw**
**President**